

Opgawe van bylaes.

Bylae i. Leeseksperiment no. 1: Skaalpunt van die eksperimentele groep.

Leeseksperiment no. 1: Skaalpunt van die kontrolegroep.

Bylae ii. Toetse gebruik by die eerste leeseksperiment.

Stilleestoets, Spoed, Sts. IV, V en VI.

Stilleestoets, Sinne, Sts. IV, V en VI.

Stilleestoets, Woordeskat, Junior.

Stilleestoets, Paragrafe, Junior.

Bylae iii. Toetse gebruik by die tweede leeseksperiment.

Paragrafe met vrae.

Bylae iv. Resultate van die tweede leeseksperiment.

Resultate van die eksperimentele groep.

Resultate van die kontrolegroep.

Bylae v. Bibliografie.

LEESEKSPERIMENT No. I. Skaalpuntje van die Eksperimentele Groep.

Pp.	Spoedtoetse		Woordeskat		Sinne.		Paragrafe.		I.K.	
	no.	voor	na	voor	na	voor	na	voor	na	voor
1.	65.3	72.8	36.1	39.6	47.8	55.4	61.5	64.7	112	113
2.	51.8	84.2	55.0	72.3	51.7	55.4	48.7	61.5	109	113
3.	65.3	57.8	46.5	39.6	59.0	62.5	51.9	55.1	108	108
4.	50.4	76.6	39.6	49.9	39.8	43.9	39.0	45.5	96	96
5.	57.8	61.8	41.3	72.3	31.3	62.5	39.0	68.1	103	100?
6.	35.6	50.4	34.3	46.5	51.7	55.4	48.7	45.5	110	113
7.	54.1	69.2	43.0	44.8	43.0	43.0	32.4	48.7	102	109
8.	35.6	39.3	19.5	37.8	31.5	47.8	32.4	35.8	89?	102
9.	69.2	80.4	43.0	49.9	47.8	51.7	61.5	64.7	108	113
10.	35.6	39.3	30.6	28.8	35.7	35.7	32.4	32.4	100	95?
11.	35.6	50.4	21.4	17.5	31.5	31.5	36.7	18.5	91?	100
12.	43.0	46.7	28.8	25.1	31.5	31.5	39.0	35.7	99?	106
13.	20.5	28.1	21.4	34.4	39.8	27.2	18.5	39.0	100	101
14.	35.6	46.7	32.4	23.3	31.5	27.2	18.5	35.7	102	110
15.	28.1	28.1	32.4	28.8	27.2	35.7	25.6	25.6	101	89?
16.	69.2	69.2	48.2	49.9	62.5	66.1	68.1	51.9	105	114
17.	69.2	80.4	55.0	63.3	72.9	76.3	55.1	61.5	116	114?
18.	46.7	43.0	39.6	43.0	35.7	43.9	29.0	45.5	96	104
19.	87.9	95.5	67.1	74.1	55.4	62.5	71.4	74.8	120	121
20.	57.8	69.2	43.0	44.8	51.7	55.4	45.5	48.7	110	118
21.	50.4	50.4	30.6	32.4	31.5	43.9	35.7	32.4	104	104
22.	20.5	31.8	13.6	60.1	31.5	47.8	29.0	25.6	87	93
23.	46.7	43.0	42.8	39.6	39.8	51.7	42.3	35.7	108	114
24.	31.8	28.1	17.5	23.3	18.3	27.2	35.7	29.0	102	110
25.	39.8	43.0	28.8	49.9	35.7	55.4	35.7	55.1	97	102.
R.G.	48.2	55.0	36.8	44.0	41.8	48.2	42.0	46.0	103.2	106.6
Over.	14.8	12.5	12.5	14.0	12.0	14.0	13.5	14.0	5.5	3.0
Or.g.	2.9	2.5	2.5	2.8	2.4	2.4	2.7	2.8	1.1	0.6
R.G. 1-R.G. 2	7.8			7.2		6.4		4.0		3.4
O' verskil.	3.8			3.7		3.4		3.8		1.2
K.I.	1.7			1.9		1.9		1.0		2.6
Kanse.		91.0%		94.3%		94.3%		68.2%		99.1%

LEESEKSPERIMENT NO.1. SKAALPUNTE VAN KONTROLE GROEP.

Pp. no.	Spoedtoets		Woordeskat		Sinne		Paragraawe		Intel Kw	
	voor	na	voor	na	voor	na	voor	na	voor	na
1.	84.2	57.8	63.5	60.1	59.0	59.0	68.1	64.7	109	106
2.	65.3	69.2	36.1	36.1	59.0	62.5	68.1	51.9	109	108
3.	80.4	91.8	56.7	60.1	55.4	59.0	51.9	61.5	107	111
4.	57.8	65.3	43.0	49.9	55.4	59.0	48.7	55.1	907	96
5.	24.3	28.1	28.8	32.4	43.9	47.8	22.1	29.0	104	98
6.	35.6	35.6	25.1	37.8	27.2	31.5	22.1	32.4	100	100
7.	57.8	69.2	23.3	28.8	35.7	43.9	32.4	45.5	113	113
8.	35.6	35.6	27.0	28.8	31.5	43.9	32.4	45.5	95	97
9.	31.8	35.6	27.0	34.3	43.9	47.8	48.7	35.7	106	105
10.	39.3	39.3	19.5	25.1	31.5	35.7	14.9	18.5	100	104
11.	24.3	24.3	36.1	32.4	31.5	31.5	45.5	35.7	97	98.
12.	57.8	57.8	32.4	30.6	43.9	43.9	39.0	42.3	99	108
13.	65.3	61.8	44.8	37.8	31.5	47.8	48.7	58.3	110	117
14.	46.7	43.0	25.1	32.4	31.5	39.8	22.1	22.1	103	106
15.	39.3	43.0	41.3	32.4	39.8	31.5	51.9	48.7	97	99
16.	46.7	46.7	19.5	58.4	62.5	55.4	48.7	51.9	110	112
17.	50.4	54.1	44.8	46.8	55.4	62.5	71.4	55.1	113	111
18.	28.1	31.8	23.3	37.8	27.2	35.7	25.6	22.1	977	104
19.	54.1	54.1	34.3	39.6	43.9	51.7	45.5	51.9	107	109
20.	54.1	57.8	30.6	48.2	31.5	51.7	32.4	35.7	108	109
21.	46.7	57.8	36.1	34.3	59.0	62.5	48.7	55.1	111	119
22.	31.8	35.6	19.5	21.4	27.2	35.7	18.5	32.4	98	99
23.	46.7	46.7	30.6	28.8	27.2	35.7	32.4	51.9	105	106
24.	35.6	43.0	23.3	41.3	27.2	43.9	25.6	51.9	95	99
25.	31.8	31.8	17.5	17.5	27.2	31.5	39.0	32.4	108	108
R.G.	47.0	48.2	32.8	37.2	40.2	45.8	39.8	43.8	104.	105.2
σ_{versp}	15.5	14.0	10.5	11.5	9.0	8.0	10.5	10.0	5.5	6.5
$\sigma_{\text{r.g.}}$	3.1	2.8	2.1	2.3	1.8	1.6	2.1	2.0	1.1	1.3
$RG_1 - RG_2$		1.2		4.4		5.6		4.0		1.2
$\sigma_{\text{ve.skil}}$		4.1		3.1		2.4		2.9		1.7
K.I.		0.29		1.4		2.3		1.4		0.7
Kanse.		22.0%		83.8%		98.36%		83.8%		51.6%

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

STILLEESTOETS.

(Spoed : Stds. IV, V en VI.)

Naam.....

Jongetjie/Meisie.....

Ouderdom.....jaar.....maande.....

Geboortedatum..... Standerd.....

Skool.....

VOORBEELD.

Die mis hang laag oor die stat van Goengoebele. Die dag begin net breek en dis koud. Kalipi en sy drie neefs slaap nog rustig onder hul warm karosse in die hut naby die hek van die beeskraal. 'n Ouerige man kom die hut binne en trek die (velle, karosse, lakens, klere) van hulle af.

„Opstaan, opstaan, julle laatslapers!” roep hy.

Slaperig maak hulle een na die ander hul oë oop en kyk verleë na hul oom, Makoele

„Wat is dit, (Pa, Ma, Oom, Neef)?” vra Kalipi.

„Ek wil hê julle moet ou Doeboeloemanzi gaan skrik maak. Die ou praat mos altyd van oorlog en voorbodes. Vat jul spiese en skilde en kruip stilletjies uit die (dorp, stat, hut, kraal) uit na die ou se hut onder langs die rivier en omsingel dit. Sodra ek die teken gee, begin julle skree en op jul skilde slaan en net soveel lawaai maak as julle kan, maar pasop dat hy julle nie sien nie!”

Laggend gryp die vier stuks hul (klere, komberse, wapens, hoede) en verdwyn in die skemerte.

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Getal woorde reg...	
Getal woorde gelees	
Leesouderdom.....	
Leesstanderd.....	

VOOROEFENING.

In die halwe kring wat deur die hutte gevorm word, brand 'n helder vuur waarom Goengoebele, die kaptein, met sy raadsmanne en 'n vyftiental kinders vergader is. Goengoebele is besig om raaisels te vra en die jongspan luister aandagtig.

„Ek het iets wat met sy bek eet, maar sodra dit die kos verteer het, kom dit weer uit sy bek uit. Wat is dit?” vra die (raadsman, kaptein, seun, vrou.)

Almal dink hard. Skielik spring Kalipi, die jongste seun van die kaptein, op en roep opgewonde uit: „Ek weet, ek weet!”

„Ja wat is dit?” vra Goengoebele belangstellend.

„Dis 'n pot,” antwoord (Daboeloe, Kala, Kalipi, Goengoebele). „Mens sit die kos in die pot, en as dit klaar gekook is, haal jy dit weer uit.”

„Kalipi is wakker,” sê die seun se oom aan Doeboeloemanzi, 'n kort, vet mannetjie wat langs hom sit.

„Ja,” antwoord Doeboeloemanzi, „En ons sal een van die dae (lui, dom, vet, wakker) seuns nodig hê om ons te verdedig.”

„Jy praat bog,” sê die ou raadsman.

„Goengoebele, ons kaptein, is oud; hy het nie meer lus vir oorlog nie.”
Doeboeloemanzi skud sy kop.

„Ons kaptein is (jonk, oud, vet, lui) ja, maar wat van die Zoeloes? Hulle sê dat Tjaka sy impi's wyd en syd uitstuur om te moor en te plunder. Ons mense het besittings van groot waarde en Tjaka sal ons nie oorslaan nie.”

„Jy's (oud, vet, gek, reg), Doeboeloemanzi. Ons bly hier in die berge ver van Tjaka se land af. Hoe sal hy ons ooit kry?”

„Ons bly ver, ja,” antwoord Doeboeloemanzi beslis, „maar Tjaka se impi's is sterk, en Tjaka is dronk van al die bloed. Vanaand toe ek hiernatoe kom, het 'n sekretarisvoël voor my oor die pad geloop en sy vlerke op die grond gesleep. Dis 'n slegte teken. Pasop vir (spoke, oorlog, droogte, siekte).”

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Hy het lank na die bok gestaan en kyk en orals rond gesoek, maar hy kon glad nie uitvind waarvandaan die bok kom, of hoe hy sy (been, nek, rug, ~~horing~~) gebreek het nie. Eindelik besluit hy om die bok huistoe te neem. Sy mense was 500 honger en die vorige keer het hulle tog niks van die vleis oorgekom nie.

Toe Langa met die bok in die stat aankom, het die mense hom toegejuig. Hy 550 was die grootste (krygsman, toordokter, jagter, ~~sanger~~) het hulle gesê, want hy was die enigste man wat vleis huistoe kon bring. Maar Langa was baie onsteld. Hy kon nie alleen sy mense voed nie, en dit was vir hom duidelik dat al sy krygsmanne getoor was. Daardie nag het hy 'n droom gehad. Hy was weer alleen in die (huis, 600 land, berg, bos). Voor hom op 'n tak het 'n voëltjie gesit en sing. Toe begin die voël praat: „Langa,” sê hy, „Ja al jou mense se beeste die bos in. Laat hulle twee dae lank daar bly. Op die derde dag sal julle by die seekoegat onder die 650 waterval baie (klippe, beeste, bokke, honde) kry. Een van die diere sal in die water staan. Offer dit aan die gode en laat die vleis aan die kant van die water lê. Ja dan al die beeste uit die bos uit. Gee aan elkeen sy beeste terug en hou die wat nie 'n 700 baas het nie. Hulle is (slegte, lelike, heilige, kwaai) beeste wat jou voorouers aan jou skenk en sal jou mense teen hul vyande beskerm.”

Die volgende dag het Langa sy mense bymekaar geroep en aan hulle vertel wat die (toordokter, koei, voël, man) vir hom gesê het. Hulle het toe al hul beeste 750 bymekaar gemaak en in die bos ingeja. Op die derde dag het Langa en die mans uit sy familie na die waterval gegaan en daar 'n groot trop beeste gekry. Een mooi os het in die (bos, water, krans, gras) gestaan. Hulle het hom geslag en die vleis 800 aan die geeste van hulle voorvaders geoffer. Toe het hulle die ander beeste huistoe geja. Onder hulle was daar agt beeste wat nie horings gehad het nie en aan niemand behoort het nie. Hulle het dus geweet dat dit die heilige (voëls, mans, bokke, beeste) moes wees, waarvan die voël gepraat het.

850 Die volgende dag het Langa weer in die bos gaan stap. Net soos die vorige kere het hy weer die lieflike gebulk van 'n koei gehoor, maar die slag het hy haar maklik gekry. Dit was 'n pragtige rooi poenskop (bok, bul, kalf, koei). Langa het haar huistoe geneem en by die ander agt beeste in sy kraal geja. En van daardie 900 dag af was die beeste nog altyd in besit van die kapteins van ons stam.”

„En kon die jagters daarna weer die wildsbokke opspoor,” vra Kalipi.

„Ja,” antwoord (Kalipi, Langa, Goengoebele, Doeboeloemanzi), „vleis was toe weer volop en die kinders en vrouens het vet geword.”

[Blaai om.]

- 1,250 bokke) afgeneem. Hulle het na die berge toe gevlug, maar hul vyande het hulle agtervolg en gou ingehaal. Omdat die beeste te uitgeput was om verder te gaan, het Mtoeshi sy manskappe om die beeste opgestel en gedreig om hulle dood te maak as die (vyand, vrouens, leeus, seuns) nader kom. Die BaToeka wou die Heilige
- 1,300 Beeste hê en was dus bang om Mtoeshi se klein bende aan te val. Dit het laat geword en hulle besluit toe om te wag tot die volgende dag. Almal het gou vas geslaap en selfs die wagte het ingesluimer. Teen middernag het Mtoeshi 'n paar van sy dapperste manne geroep en die (Mgadi, vrouens, kinders, BaToeka) aan hulle oorhandig met die bevel om tussen die vyand deur te sluip en die beeste met 'n ompad oor die berge huistoe te bring. Die geeste van ons voorvaders het die BaToeka vas laat slaap en ongemerk het Mtoeshi se manne tussen hulle deurgeloop met die Heilige Beeste.
- 1,400 Die volgende dag het Mtoeshi die (man, vyand, toordokter, Zoeloes) laat belowe om hom en sy manne vry te laat gaan as hulle die beeste oorhandig. Die BaToeka, menende dat die Heilige Beeste nog daar was, het toegestem en so het Mtoeshi en sy
- 1,450 manne ontsnap. Hulle en die Mgadi is nou veilig in die Groot Plek.

Vorm B.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING.

STILLEESTOETS.

(Sinne : Stds. IV, V en VI.)

Naam.....
 Jongetjie/Meisie.....
 Ouderdom.....jaar.....maande.....
 Geboortedatum.....
 Standerd.....
 Skool.....

VOOROEFENING.

1. Die standaard-ses-klas sien baie uit daarna dat die skool weer moet begin, want hulle kry 'n nuwe onderwyseres en, omdat hulle gehoor het dat sy baie gaaf is, is almal nuuskierig om haar te sien.

Die kinders wil baie graag hê dat die skool weer moet begin omdat.....

- (a) die vakansie te lank is
- (b) hulle graag wil leer
- (c) hulle graag die nuwe juffrou wil sien
- (d) hulle verlang na hul ou onderwyseres
- (e) hulle graag na 'n nuwe klas wil gaan..... ()

2. Om van 'n rotpunt af vyftien, twintig voet deur die lug af te duik en op sy vier pote op 'n plekkie van skaars tien vierkante duim veilig te land, kan maar net deur die klipbokkie, wat skaars twintig duim hoog is, gedoen word.

Dit sê dat die klipbokkie.....

- (a) baie goed kan spring
- (b) vinnig kan hardloop
- (c) net tien duim hoog is
- (d) ver kan sien
- (e) dikwels van kranse afval..... ()

Werklike punte	
Skaalpunte	
Leesouderdom	
Leesstanderd	

Nommer	✓ x
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	
6.	
7.	
8.	
9.	
10.	
11.	
12.	
13.	
14.	
15.	
16.	
17.	
18.	
19.	
20.	
Totaal.	

totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

9. Die protea is seker die opvallendste en vernaamste onder ons Suid-Afrikaanse blomme want sy grootte, sy mooi vorm, sy ingewikkelde samestelling en sy sagte kleurskakerings onderskei hom opvallend van alle ander blomme; om dié rede is hy ook tereg gekies as ons nasionale blom sodat 'n vreemdeling wat sy sierlike kelkfatsoen op 'n muntstuk of iets dergeliks sien, dadelik kan weet dat daardie artikel uit Suid-Afrika afkomstig is.

Die protea is as ons nasionale blom gekies omdat.....

- (a) sy vorm op muntstukke voorkom
 (b) alle vreemdelinge hom goed ken
 (c) hy die mooiste blom in die wêreld is
 (d) sy blomblare nie so maklik afval nie
 (e) hy een van ons uitstaande blomme is..... ()
10. Daar is seker nie nog 'n dier wat so'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van nige land en van wie die mens so afhanklik geword het vir sy voortbestaan as die erd nie, want van die vroegste eeu af het hy bewys dat hy nie alleen in tye van orlog onmisbaar as rydier was nie, maar ook in vredestryd die slimste, geduldigste n in alle opsigte die voortreflikste trek- en lasdier was.

Dit sê dat die perd vir die mens byna onmisbaar geword het omdat hy.....

- (a) so waardevol is in oorlogstryd
 (b) so maklik makgemaak kan word
 (c) so geskik is vir verskillende soorte werk
 (d) so goedkoop is om aan te hou
 (e) so oud kan word en nog bruikbaar bly..... ()
11. Die skerp ruikvermoë waarmee die natuur die hond toegerus het om sy prooi op te spoor, word vandag deur die mens ingespan in sy stryd teen die misdaad.

Dit sê dat honde vandag dikwels gebruik word om.....

- (a) kwaaddoeners op te spoor (b) vee te beskerm teen diewe
 (c) mense se huise op te pas (d) ongediertes te vang
 (e) wild op te spoor..... ()

12. Die heerlijkheid van vlees en bloed;
 Die hare wat die sonlig vang
 En weergee in 'n goue gloed;
 Die dagbreek op elk' sagte wang
 En oë vol van sterreprag
 Is weerloos teen sy groter mag;
 Alreeds begin die rimpel sny;
 Oor alles hou die wurm wag
 En stof en as is al wat bly.

In hierdie vers beklemtoon die digter.....

- (a) die skoonheid van 'n eerbare lewe
 (b) die sonde van hoogmoed
 (c) die verganklikheid van die menslike skoonheid
 (d) die heerlijkheid van die natuur
 (e) die aangenaamheid van die jeug..... ()

16. Die maatskaplike kant van die Uniale toernooi het by hierdie geleentheid feitlik vir die eerste keer tot sy reg gekom toe die verrigtings op 'n hoë noot met 'n burgermeesterlike noenmaal vir al die spelers en afgevaardigdes in die stadsaal geopen is, en op die terrein self het ook etlike tentjies, waarin spelers gedurende pouses 'n bietjie kon rus of die erns van die wedstryd afwissel met gesellige onderlinge verkeer, hul verskyning gemaak.

Dit sê dat dit by hierdie geleentheid die eerste keer was, wat.....

- (a) verversings verskaf is
- (b) ernstige aandag aan die spel gegee is
- (c) die besoekers op musiek vergas is
- (d) die spel werklik tot sy reg gekom het
- (e) aandag gegee is aan vriendskaplike verkeer tussen die besoekers ()

17. Hoewel Columbus met die ontdekking van Amerika die mensdom 'n baie groot diens bewys het, is Maggellaan se prestasie hoegenaamd nie van minder belang nie, want deur die suksesvolle beëindiging van 'n uiters gevaarlike tog het hy nie alleen afdoende bewys dat die wêreld rond is nie, maar ook daarin geslaag om Columbus se oorspronklike doel te verwesenlik, naamlik om Wes-Europa met Oos-Asie te verbind deur regstreeks oor die westerse waters te seil.

Maggellaan se groot prestasie was dat hy.....

- (a) Amerika ontdek het
- (b) die eerste persoon was wat gesê het dat die aarde rond is
- (c) die Ooste bereik het deur weswaarts te seil
- (d) die eerste persoon was wat in 'n seilskip oor 'n oseaan gevaar het
- (e) die eerste Europeër was wat in Oos-Asië gekom het..... ()

18. Sonder geskrewe oorblyfsels is dit natuurlik onmoontlik om tot definitiewe gevolgtrekkings te kom en aangesien ons sulke dokumentêre bewyse eers na 1860 vind toe 'n doelbewuste poging aangewend is om Afrikaans te skryf, en die eerste pamflet in Afrikaans in verband met die beweging om die Oostelike en Westelike Provinsie in die ou Kaapkolonie op politieke gebied van mekaar te skei, verskyn het, is ons genoodsaak om daardie datum as die korrekte te aanvaar. —

Die skrywer van hierdie sîn het probeer vasstel.....

- (a) hoe Afrikaans ontstaan het
- (b) wanneer die mense in Suid-Afrika in die politiek begin belangstel het
- (c) hoe die skeiding tussen die Oostelike en Westelike Provinsie tot stand gekom het
- (d) wanneer die mense begin het om Afrikaans te skryf
- (e) wanneer die eerste drukwerk in Suid-Afrika gedoen is..... ()

19. Niemand wat al voor die ystertralisies van 'n leeuhoek in die dieretuin gestaan en daar gesien het die hongerende, en pynliksmagtende blik, wat oor die omstanders heen na die berge daar ver gerig is, die ewigrustelose beweging op en neer voor die knellende ysterwerk, en die onuitspreeklike dors na vryheid—'n dors wat deur geen hoeveelheid vleis tevrede gestel kan word nie,—sal beweer dat daar van al die grootsheid van die natuur rondom hom niks tot die leeu se bewussyn deurdring nie.

Die skrywer beweer dat die leeu.....

- (a) groot hoeveelhede vleis kan vreet
- (b) wat gevange gehou word, uiters wreedaardig is
- (c) 'n soort besef het van die grootsheid van die natuur
- (d) homself beskou as die mens se meerdere en geen notisie van hom neem nie
- (e) 'n baie rustelose soort dier is..... ()

Vorm A.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

STILLEESTOETS.

(Paragrafe: Junior.)

Naam.....

Jongetjie/Meisie.....

Ouderdom.....jaar.....maande.

Geboortedatum.....

Standerd.....

Skool.....

Vandag se datum.....

1. Hou jy van lees? (Ja, 'n bietjie, nee.)
2. Lees jy by die huis in jou vrye tyd? (Altyd, af en toe, nooit.)
3. Lees jy koerante en tydskrifte? (Gereeld, af en toe, nooit.)
4. Is daar by die huis vir jou boeke om te lees? (Baie, 'n paar, niks.)
5. Neem jy biblioteekboeke huis-toe om te lees? (Gereeld, af en toe, nooit.)
6. Lees jy „Comics”? (Gereeld, af en toe, nooit.)
7. Hoeveel boeke het jy gedurende die afgelope kwartaal gelees?.....
8. Watter taal praat jy tuis? (Afrikaans, Engels, Ander)

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Werklike punte	
Skaalpunte	
Leesouderdom	
Leesstanderd	

Nom- mer.	✓ ×
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	
6.	
7.	
8.	
9.	
10.	
11.	
12.	
13.	
14.	
15.	
16.	
17.	
18.	
19.	
20.	
21.	
22.	
23.	
24.	
Totaal.	

VOOROEFENING.

Bettie en Jannie het op 'n plaas gewoon en hulle was vir die eerste keer in Kaapstad op besoek. Hulle mammië was siek en die dokter het gesê sy moet 'n rukkie by die see gaan deurbring. Daarom het Pappie 'n huis in die skaduwee van Tafelberg gehuur. Van die stoep af kon hulle die blou water van Tafelbaai sien, met die groot skepe, en ook die klein bootjies met rooi en wit seile.

1. Bettie en Jannie het gewoon.

- (a) op 'n dorp (b) in die stad (c) op 'n plaas
(d) by die see (e) in 'n voorstad..... ()

2. Die familie het see-toe gegaan omdat.....

- (a) dit vakansie was (b) hulle nog nooit by die see
was nie
(c) dit baie warm was (d) hul mammië siek was
(e) hulle baie ryk was..... ()

Weens sy fyn ruik word 'n mak bobbejaan in die dorre, waterarme streke soms gebruik om in 'n droë rivierbedding op te spoor waar daar water 'n paar voet onder die grond te kry is. Vooraf gee sy baas hom net souterige kos en hou hom van water af weg. Later word die arme dier radeloos van dors. Hy word dan aan sy lang tou gelei oor die plek waar daar vermoedelik onderaardse water te kry is. Sodra die bobbejaan die water ruik, begin hy met sy hande te grawe. Dit duur dan ook nie lank nie of die water begin in die bodem van die gat verskyn.

3. Dit sê dat 'n bobbejaan baie.....

- (a) goed kan sien (b) vinnig kan hardloop
(c) skelm is (d) fyn kan ruik
(e) gevaarlik is..... ()

4. Bobbejane word soms gebruik om.....

- (a) skape op te pas (b) boodskappe te dra
(c) water aan te wys (d) insekte te vang
(e) putte te grawe..... ()

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Die renosters het hulle betyds, voor die son opkom, in die donker skaduwee van die bos teruggetrek. Vandat die witmens op die toneel verskyn het, voel die arme gejaagde reusediere hul op die kaal veld nie meer veilig nie. Hier onder 'n reusagtige wildevyeboom, met wortels wat van die uitgespreide dwarstakke afskiet in die grond en 'n fantastiese netwerk om die stam vorm, wil hulle 'n bietjie rus. Die bul staan alleen by 'n bossie en kou aan die sappige ranke. Daar hul vriende, die renostervoëltyjies—klein, grysvaal diertjies met rooi bekkies, wat hulle van die lastige insekte bevry en by naderende gevaar waarsku—hulle gisteraand verlaat het, is hy nou genoodsaak om die slaaplust te bestry en wag te hou. Half onderkant die stam lê 'n koei in 'n ou rolplek en klap slaperig die ore heen en weer om die insekte af te hou. Die kalfie is vaak na die lang wandeling en het tussen die wortels 'n lekker warm slaapplekkie gekry, vanwaar hy die oog op sy ma kan hou. Maar die klein ogies gaan meer en meer toe, en eindelijk is hy vas aan die slaap.

5. Die renostervoëltyjie bewys die renosters 'n diens deur.....

- (a) die insekte op hul lywe te vang
- (b) hul jeukplekke te krap
- (c) hulle te wys waar die water is
- (d) hulle slaapplekke skoon te hou
- (e) hulle te waarsku as die kalfie wegloop..... ()

6. Die renosterkalfie soek altyd 'n slaapplek.....

- (a) tussen sy ouers
- (b) onder digte takke
- (c) vanwaar hy sy ma kan sien
- (d) agter 'n boomstam
- (e) in 'n sonkol..... ()

7. Omdat die renostervoëltyjies hulle verlaat het, moes die renosters.....

- (a) self hul pad na die water soek
- (b) self die kalfie oppas
- (c) altyd skoon rusplekke gaan soek
- (d) self waghou
- (e) hul lywe teen die bome skuur..... ()

Volgens tuinboukundiges is 'n struik enige standhoudende plant met harde hout, waarvan die takke vlak bo die grond uitspruit. In teenstelling met die struik het 'n boom een enkele, dik, sentrale stam. Dit is soms moeilik om te onderskei tussen struik en sierbome, veral wanneer sommige struik met opset in die vorm van bome gesnoei word.

Die meeste struik vertoon natuurlik beter in 'n groterige tuin maar selfs die kleinste ou stadstuintjie kan een of twee struik herberg, mits hulle met sorg gekweek word. Soms word struik op gelyke afstande van mekaar binne in 'n grasperk geplant, maar hulle aard en vertoon nog beter in randakkers aan die kante van die perk. Hulle kan ook dien as windbreker vir fyner plante of, wanneer hulle in rye naas mekaar geplant word, as heinings.

8. 'n Mens sou verwag om 'n paragraaf soos hierdie in 'n artikel oor..... aan te tref.

- (a) Boerdery
- (b) Blommerangskikking
- (c) Groentetuine
- (d) Blomtuine
- (e) Rotstuine..... ()

9. Dit is soms moeilik om te onderskei tussen struik en bome omdat.....

- (a) daar nie 'n groot verskil is nie
- (b) bome soms soos struik behandel word
- (c) bome soms in heinings geplant word
- (d) struik soms gesnoei word om soos bome te lyk
- (e) hulle dikwels enersse vrugte dra..... ()

14. Kies uit die volgende die beste opskrif vir hierdie paragraaf.
- (a) Grieselige Ondervindinge in die Groot Kloof
 - (b) Bergklim
 - (c) 'n Gevaarlike Bergtog
 - (d) Groot Kloof—Bergklimmers-paradys
 - (e) Onaardse Geluide..... ()
15. 'n Wandeling in die Groot Kloof was 'n sensuspennende ondervinding omdat
- (a) die kloof so steil was
 - (b) die plantegroei so dig was
 - (c) die kloof so nou was
 - (d) daar sulke snaakse geluide ontstaan het
 - (e) die lugdruk en lugstromings dit so gevaarlik gemaak het... ()
16. Die kranse van die Groot Kloof was.....
- (a) baie hoog
 - (b) maklik om uit te klim
 - (c) gevaarlik glad en sonder vastrapplek
 - (d) op sommige plekke oorhangend
 - (e) baie moeilik om te beklim..... ()

Sy is nog betreklik jonk . . . skaars ses-en-dertig en vir ons is sy baie mooi. Maar dis nie die groot, sagte bruin oë nie; ook nie die krullerige swart hare of haar gladde gelaatsvel, wat sy so goed oppas nie; ook nie die vrolike silwere laggie wat alle moeilikhede so maklik uit die weg ruim nie—dit is iets in haarself wat so mooi is—iets groots en sterks en sekers (al is sy kleiner as ons twee) en tog so sag. Sy word selde kwaad en sy raas nooit nie. 'n Blik is vir haar genoeg om te verduidelik presies hoe 'n mens gesondig het en om jou te laat besluit om nooit weer so te maak nie. Sy is altyd netjies, altyd, as ons êrens heen gaan, in die mode. Sy weier om 'n „slaaf van arbeid” te word en sy lees baie en sorg dat ons twee ook lees. Sy sê dat 'n mens 'n plig teenoor jouself ook het en dat jou verstand ook oefening nodig het.

17. Watter een woord sou hierdie persoon die beste beskryf?
- (a) Gedwee (b) Jammerhartig (c) Streng
 - (d) Nederig (e) Beminlik..... ()
18. Die persoon beheer die skryfster deur.....
- (a) baie te raas (b) gedurig te vermaan
 - (c) net na haar te kyk (d) mooi met haar te praat
 - (e) net met haar te glimlag..... ()
19. Iemand wat „'n slaaf van arbeid” is,.....
- (a) is baie lief vir werk
 - (b) vind geen tyd vir ander belangrike dinge behalwe werk nie
 - (c) het geen hulp nie en moet al sy werk self doen
 - (d) is nie sy eie baas nie
 - (e) werk vir 'n salaris..... ()

1. As jy **sat** is vir iets, is jy daarvoor.
 (a) lief (b) kwaad (c) moeg (d) lus (e) bang..... ()
2. **Aangenaam** beteken.....
 (a) mooi (b) lelik (c) lekker
 (d) sleg (e) vals..... ()
3. 'n **Vaas** is 'n.....
 (a) skottel (b) bottel (c) blompot
 (d) bak (e) bord..... ()
4. **Blameer** beteken.....
 (a) beskuldig (b) vergewe (c) verskoon
 (d) straf (e) stilmaak..... ()
5. 'n **Gevangene** is 'n.....
 (a) prisonier (b) vyand (c) tronk
 (d) loseerder (e) kuiergas..... ()
6. 'n **Aardbewing** is 'n..... van die aardkors.
 (a) vertoning (b) skudding (c) instorting
 (d) verspoeling (e) sinking..... ()
7. **Ruig** beteken.....
 (a) dun (b) yl (c) digbegroei
 (d) lank (e) uitgerek..... ()
8. 'n **Mens** is **onbeleefd** as hy nie..... het nie.
 (a) baie geld (b) 'n mooi voorkoms (c) goeie maniere
 (d) 'n goeie betrekking (e) 'n lang lewe..... ()
9. 'n **Parasiet** is 'n.....
 (a) present (b) sambreel
 (c) gifstof (d) dier of plant wat op 'n ander leef
 (e) soort voël..... ()
10. **Ontstaan** beteken.....
 (a) begin (b) opstaan (c) regop kom
 (d) hard werk (e) ophou..... ()
11. 'n **Onderskeid** is 'n.....
 (a) laag (b) verskil (c) verdeling
 (d) opstel (e) afsondering..... ()
12. **Ontduik** beteken.....
 (a) toemaak (b) ondergaan (c) oopgaan
 (d) vryspring (e) fluks word..... ()
13. As twee **haaks** is.....
 (a) gaan hulle trou (b) het hulle mekaar lief
 (c) speel hulle saam (d) kom hulle nie met mekaar klaar nie
 (e) staan hulle langs mekaar..... ()

26. **Isegrimmig** beteken.....
 (a) nukkerig (b) dom (c) vies
 (d) haatdraend (e) agterdogtig..... ()
27. **Tweedrag** beteken.....
 (a) 'n klomp (b) dubbel (c) rusie
 (d) sterk (e) afsonderlik..... ()
28. **Naasagter** beteken..... van agter af.
 (a) eerste (b) tweede (c) derde
 (d) vierde (e) laaste..... ()
29. **Brak** beteken.....
 (a) bitter (b) suur (c) stukkend
 (d) effens sout (e) lelik..... ()
30. **Seëvier** beteken.....
 (a) opstaan (b) geluk (c) voorspel
 (d) oorwin (e) vergewe..... ()
31. **Wederkerig** beteken.....
 (a) terugkom (b) die tweede keer (c) opnuut
 (d) van albei kante (e) nog 'n keer..... ()
32. Iemand **ontnugter** beteken hom.....
 (a) dronk maak (b) om die lewe bring
 (c) kwaad maak (d) uit sy waantoesand bring
 (e) slegsê..... ()
33. **Omvangryk** beteken.....
 (a) onderstebo (b) rond (c) onbeleefd
 (d) gering (e) uitgebreid..... ()
34. **Uitmuntend** beteken.....
 (a) baie sleg (b) sonder geld (c) baie arm
 (d) baie goed (e) sonder hoop..... ()
35. **Minsaam** beteken.....
 (a) nors (b) alleen (c) afgesonder
 (d) vriendelik (e) apart..... ()
36. 'n **Huigelaar** is iemand wat.....
 (a) visvang (b) voorgee wat hy nie is nie
 (c) swaarkry (d) hard werk
 (e) peuselwerkies doen..... ()
37. **Nagedagtenis** is die.....
 (a) gesels na skool (b) herinnering aan die verlede
 (c) skinderpraatjies (d) herinnering aan iemand wat dood is
 (e) bespreking van 'n voorval..... ()

Bylae iii.

PARAGRAWAWE.

Paragraaf no. 1.

In die laat namiddag strompel hy moeg en uitgeput van die nagtelik waak teen die helling van die berg uit. Hy haas voort sonder om bewus te wees van sy omgewing. Bo hom seil geweldige wolkgevaartes en onder hulle kruip langsaam 'n donker wolkgordyn al hoër teen die lugronding op. vorsluier die son en hou die wêreld in daardie onnatuurlike diep skemerte wat met swaar hande druk op die aarde en jou gemoed. 'n Sterk wind begin te waai, daar is die geur van reën in die lug en meteens val die eerste druppels en stuit Josef in sy wilde planlose vlug. Nou eers word hy bewus van die lug, die aarde en die storm wat woed. Hy begin haastig rondsoek na 'n skuilplek. Onder groen mosbegroeide rotse merk hy die ingang van 'n grot teen die berghang, en gou is hy binne in die donkerte en sit rustend met sy breë rug teen die klam rotswand.

=====
Paragraaf no. 2. -

Pise de Terre is die hoogdrawende Franse naam vir gestampte grond -- 'n boumetode wat so oud is as die wêreld self, of altans, minstens so oud as Karthage. Die mure van Karthage staan nog steeds oor die Sahara woestyn en hulle is van pise gebou. Trouens, vandag nog is daar eeue-oue dorpe in Spanje, Frankryk en Engeland wat uitsluitend op hierdie wyse gebou is. Selfs in Suid-Afrika, in Rhodesië en in Australië loop mens nog baie sulke geboue raak. Mooi plaashuise is op die manier opgerig.

Die voordeel van hierdie metode is tweevoudig: - Dit is goedkoop omdat die materiaal op die bouplek self aangetref word sodat daar geen vervoerkoste

Bylae iii.

is nie. Tweedens kan die werk maklik deur ongeskoolde arbeiders verrig word. Al wat 'n mens nodig het, is die regte soort grond, leem of gruis, met ander woorde grond wat nie taai soos klei is nie en nie los soos sand is nie. Natuurlik, as jou grond nie heeltemal geskik is nie, kan jy dit met klei of met sand meng om die regte stewigheid te verkry. Die grond moet droog woes en enige klippe groter as 'n skilpadeier, moet verwyder word. Verwyder ook takkies of organiese stof uit die grond want as hulle vrot, sal hulle die mure verswak.

=====

Paragraaf no. 3.

Eindelik het Piet besef dat hy hopeloos verdwaal het. Hy het die wêreld om hom aandagtig beskou ten einde vas te stel waar hy hom bevind, maar in plaas van 'n oplossing vir sy probleem te kry, het hy al meer en meer in die war geraak. 'n Gevoel van moedeloosheid oormoester hom en hy gee hom oor aan die neerdrukkende herinneringe van wat met mense is soortgelyke omstandighede gebeur het. In sy geestesoog sien hy al 'n wit geraamte op die verlate veld lê. Dan skiet 'n straal van hoop deur sy gemoed. As hy by die kamp vermis word, sal hulle 'n soektog op tou sit. Hy moet dus maar geduldig wag totdat sy makkers hom kry.

=====

Bylae iii.

Paragraaf no. 4.

Omdat die Unie dikwels deur droogtes geteister word en water in baie dele van ons land maar skaars is, het die regering boormasjiene aangeskaf en goed-opgeleide boormanne en ervare inspekteurs aangestel om boere te help om na water te boor, en sodoende te sorg dat op elke plaas 'n bruikbare voorraad skoon water vir huislike gebruik en drinkwater vir die vee is. 'n Boer wat verlang om van hierdie diens gebruik te maak, moet op 'n gedrukte vorm aansoek doen by die Direkteur van Besproeiing in Pretoria. Sodra sy aansoek goedgekeur is, word sy naam dan ingelas by die reisplan van die boormasjiene wat in sy distrik werksaam is. Vir hierdie diens betaal die boer dan minder as die helfte van wat die werk die regering kos.

=====

Paragraaf 5.

Onderwyl ek al langs die rivier afgeloop het om 'n deurgaanplek te soek, het ek op 'n eilandjie in die middel van die stroom een van my skape sien wei. Die dier was skynbaar daarheen gelok deur die hoë groen gras, en hoe ek ook al geskreeu het, wou die skaap nie weer deurswem nie. Die water was sterk en diep en ek kon nie swem nie. Dus het ek begin planne beraam om die eiland te bereik. Eindelik het ek in 'n groot boom geklim en al op die takke langs geseil tot regoor die eiland en toe afgespring. Ek het die skaap gevang en in die water gegooi en die dier het dadelik koers gevat en deurgeswem. Toe die skaap die oorkantste wal bereik, het ek omgedraai om terug te gaan soos ek gekom het, maar tot my ontsteltenis het ek ontdek dat die tak hoog bokant my bereik geswaai het. Wat nou gedaan?

=====

Paragraaf 1.

Naam.....

Standaard:----- Ouderdom:-----

A. Woordeskat. Vul die letter van die regte betekenis in tussen die hakies aan die regterkant.

STROMPEL beteken a. vinnig weghardloop. b. val-val loop. c. loop en omkyk, d. 'n soort gras. e. nader kom. ()

GEUR beteken a. 'n lekker reuk, b. 'n slegte reuk, c. 'n lekker smaak. d. 'n klein boompie, e. duidelik. ()

STUIT beteken: a. hardloop. b. aanjaag, c. deel van 'n wolk, d. tot stilstand bring, e. wegneem. ()

